# Vers en vlam

## Werkboek

S. Roux
L. Roux

VoorsprongBoeke

VOORSPRONG
BOEKE

ISBN: 9780639950235

## INHOUDSOPGAWE


**LITERêRE STYLMIDDELS** ........................................................ 3

**GEDIGTE**

***Kinders van die wind*** – Koos du Plessis ........................................ 15
***Nkosi Sikelel'i Afrika*** – HA Fagan ........................................ 19
***vir Sara Baartman*** – Diana Ferrus ........................................ 24
***die dag op nuweland*** – Jeanne Goosen ........................................ 30
***Toemaar die donker man*** – Ingrid Jonker ........................................ 37
***Halala Afrika*** – Johannes Kerkorrel ........................................ 41
***Winter*** – NP van Wyk Louw ........................................ 47
***Die dans van die reën*** **-** Eugène N. Marais ........................................ 51
***Doemanie*** – Adam Small ........................................ 56
***In die hoëveld*** – Toon van den Heever ........................................ 60
**Bronnelys** ........................................ 63


VoorsprongBoeke

# Literêre stylmiddels

## 1. STROFEBOU

Hier gaan dit oor hoeveel versreëls daar in elke strofe is.

### 1.1 Koeplet

'n Strofe wat uit TWEE versreëls bestaan, word 'n koeplet genoem.

#### 2.1.1 Paarrym (aabb)

Byvoorbeeld:

Dit was ek. ek met klippe in my **hande** a
in plaas van **verbande**, a
ek met my oë in my **mond** b
onder die **grond** b
besig om die brande **weer** c
te **ignoreer** c

#### 2.1.4 Gebroke rym (abcb)

Byvoorbeeld:

ek wil voel hoe dit **voel** a
om 'n pleister af te **ruk** b
hoe dit voel om **iemand** c
se liefde in te **sluk** b

#### 2.1.5 Vrye vers (abcdef...)

Byvoorbeeld:

dit het gereën **hier** a
vir dae en dae **aanmekaar** b

VoorsprongBoeke

dit was of god **ons** c

weer wou **wegwas** d

en oor **begin** e

## 2.2 HALFRYM

Halfrym is wanneer KLANKE met mekaar rym.

### 2.2.2 Assonansie

Wanneer dieselfde VOKAALKLANK in 'n versreël herhaal word.

Byvoorbeeld:

daai groot oranje houers

waarin al die klasse se gedagtes lê

***

dit het gereën hier

vir dae en dae **aa**nmek**aa**r

## 2.3 MIDDELRYM

'n Woord in die MIDDEL van 'n versreël rym met 'n woord aan die einde van dieselfde versreël.

Byvoorbeeld:

wat sal ons **doen** met hierdie **soen**e

# BEELDSPRAAK

## 3. Metafoor

Dis 'n beknopte vergelyking. Daar is nie 'n soos/nes in nie.

Byvoorbeeld:

en **die lug was blou**

**die amper-deurskynende**

**blou van jou oë**

VoorsprongBoeke

# STYLFIGURE

**1. Antiklimaks**

Gebeure loop na 'n hoogtepunt wat onverwags vervang word met iets van mindere belang.

Byvoorbeeld:

Rilke het geskryf oor die

Vrou vol van volheid

Vol soetheid en donkerte

Soos 'n amper-ryp vrug

***

Ek het gedink aan jou vir

'n

Oomblik

**En dit dadelik laat gaan**

**2. Elisie**

Die weglating van 'n klankgreep.

Byvoorbeeld:

Want **jy't** my wakker gemaak

uit die narkolepsie-narkose

van my donkerste nagte

**Funksie:**

Gewoonlik ter wille van die metrum/rym.

**11. Litotes**

Iets word beklemtoon deur 'n ontkenning van die teenoorgestelde of deur verkleining.

Byvoorbeeld: Dis **nie mooi nie**. (Dis <u>lelik</u>.)

VoorsprongBoeke

***

Ek rook nie, maar geniet ‘n drankie by geleentheid. Ek waardeer ‘n goeie braai en sal van tyd tot tyd ‘n natuurlike ramp veroorsaak.

**12. Metonimia**

Dit is die noem van ŉ saak deur te verwys na iets wat daarmee verband hou.

Byvoorbeeld:

daai groot oranje houers

waarin **al die klasse se gedagtes** lê

**21. Sinekdogee**

ŉ Geheel word deur ŉ deel aangedui.

Byvoorbeeld:

Hoeveel **hande** het

hierdie monumente gebou?

**22. Toutologie**

Die opeenhoping van woorde wat min of meer dieselfde betekenis uitdruk.

Byvoorbeeld: Die kind trek ŉ **ronde sirkel**.

***

Die **droë woestyne**

Van poëtiese betekenis

## ***Kinders van die wind* –**
## **Koos du Plessis**

Voorsprongboeke

**’n Gedig** is ’n literêre genre wat in versmaat met of sonder rym geskryf is.
**’n Liriek** is die woorde van ’n liedjie wat klankryk is met ’n spesifieke ritme. Daar kom dikwels herhaling voor in die vorm van ’n refrein.

**STROFE 1**

1. Waaroor gaan die “ou, ou liedjie” (r. 1-2)?

_______________________________________________

2. Lees reëls 3 en 4.

   2.1 Wat is die toon van die gedig wat deur hierdie twee versreëls gevestig word?

   _______________________________________________

**STROFE 3**

10. Wat word strofes 3 en 5 genoem?

_______________________________________________

11. Waaroor handel strofe 3?

_______________________________________________

12. Skryf reël 9 neer en dui die ALLITERASIE aan.

_______________________________________________

14. Lees reëls 11-12.

   1.14.1 Word hierdie reëls DENOTATIEF of KONNOTATIEF bedoel?

   _______________________________________________

   1.14.2 Verduidelik hierdie twee reëls in jou EIE WOORDE.

   _______________________________________________

   _______________________________________________

   _______________________________________________

   _______________________________________________

15. Skryf reël 14 neer en dui die ASSONANSIE aan.

VoorsprongBoeke

---

**STROFE 4**

16. Waarna verwys die "gesigte, drome, name" (r. 13) wat deur die wind van tyd verwaai word?

___

___

# ***Nkosi sikelel'i-Afrika*** – H.A. Fagan

Die gesang ***Nkosi sikelel'i-Afrika*** is in 1897 deur Enoch Sontonga in Xhosa gekomponeer. H.A. Fagan het hierdie gedig reeds in 1949 geskryf – vandaar die "outydse" Afrikaanse woorde soos "serafskoor", "Kosa", "Soetho".

| | |
|---|---|
| 1. | Wat word GEïMPLISEER deur reël 1?<br>___<br>___ |
| 2. | Reël 1 herinner die leser aan die slagspreuk onderaan Suid-Afrika se nasionale wapen.<br>BESPREEK hierdie stelling.<br>___<br>___<br>___<br>___ |
| 21. | Wat is die KERNGEDAGTE van hierdie gedig?<br>___<br>___ |

Voorsprongboeke

# *Toemaar die donker man –*

*Vir Simone*

Ingrid Jonker

Alhoewel hierdie gedig op die oog af na 'n betreklik eenvoudige gedig lyk, is daar 'n dieper betekenisvlak.

Die ma probeer in hierdie gedig op denotatiewe vlak haar dogtertjie (wat bang is vir die donker nag) gerusstel.

Ingrid Jonker is bekend daarvoor dat sy kinderlike taal gebruik om ernstige temas aan te spreek, soos ook in "Ontvlugting" en "Korreltjie sand". Daarom kan ons aanvaar dat die nag in hierdie gedig ook konnotatief na die dood verwys en sy haarself probeer gerusstel.

**STROFE 1**

1. Wie is Simone aan wie die gedig opgedra is?

______________________________________________

2. Verduidelik reëls 1-3 in jou eie woorde.

______________________________________________

______________________________________________

3. Hoekom noem sy haar dogtertjie "skat"?

______________________________________________

4. Hoe stel die ma die donker voor in strofe 1?

______________________________________________

Voorsprongboeke

6. Waarop dui die woorde in reël 5 op:

6.1 DENOTATIEWE vlak?

___

___

6.2 KONNOTATIEWE vlak?

___

___

18. Skryf 'n voorbeeld van PARADOKS in hierdie strofe neer.

___

19. Die swart stilte sing soos die biesies.
Verduidelik hierdie vergelyking.

___

22. Deur watter TEGNIEKE word die liriese en ritmiese toon van hierdie strofe geskep?
Noem VYF tegnieke.

1. ___ 2. ___

3. ___ 4. ___

5. ___

**STROFES 4 EN 5**

23. Die antwoord op strofe 4 word in hierdie strofe gegee.
Skryf al die NAME van die ou man neer.

___

___

24. Watter OOREENKOMS is daar tussen al die name?

___

___

25. Wat is die FUNKSIE van al die lang vokale wat in hierdie strofe gebruik word?

VoorsprongBoeke

26. Watter troetelnaam noem die ma haar dogtertjie in strofe 5?

27. Wat is die KLIMAKS van strofe 5?

**STROFES 6 EN 7**

28. Waarop dui die ELLIPS in reël 26?

# BRONNELYS:

Ferreira, J. e.a.: *Vers en vlam – 'n Poësiebloemlesing.* Graad 10 Eerste Addisionele Taal. Human & Rousseau. 2015.

VoorsprongBoeke